# BOEREGEÏNTERNEERDES IN PORTUGAL TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) EN HULLE TYDVERDRYWE

**O.J.O. Ferreira**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*

**Boer internees in Portugal during the Anglo-Boer War (1899-1902) and their leisure activities**

The British advance during the Anglo-Boer War forced a group of Boers over the Mozambican border where they were interned by the Portuguese. Lourenço Marques did not really have the necessary accommodation for the interned Boers. Consequently the Portuguese authorities decided to transfer them to Portugal, where the Boers were interned in Abrantes, Alcobaça, Caldas da Rainha, Oeiras, Peniche and Tomar.

The Boer internees did not organize many leisure time activities although a few concerts were presented and religious festivals observed. As the internees enjoyed considerable freedom of movement, long walks and excursions were popular. They often played cricket and football, while target shooting was a popular pastime. In Caldas da Rainha the internees could frequently attend bull fights. A few dexterous ones made trinkets, but this pastime was not practised on a large scale. The relationship between the Boers and the Portuguese was very cordial, so it was only natural that close friendships were formed.

The Boer internees were repatriated in July 1902. In 1913 the government of the Union of South Africa had a central monument erected in the English cemetery in Lisbon for those internees who were laid to rest in Portugal.

Die Britse opmars tydens die Anglo-Boereoorlog het 'n groep Boere gedwing om die Mosambiekse grens oor te steek, waarna hulle deur die Portugese geïnterneer is. In Lourenço Marques was daar nie voldoende huisvesting beskikbaar nie, sodat die Portugese owerhede besluit het om die Boere na Portugal oor te plaas, waar hulle in Abrantes, Alcobaça, Caldas da Rainha, Oeiras, Peniche en Tomar geïnterneer is.

Die Boeregeïnterneerdes het weinig georganiseerde tydverdrywe beoefen, maar enkele konserte is wel gehou en godsdienstige feeste is gevier. Aangesien die geïnterneerdes 'n groot mate van bewegingsvryheid gehad het, het hulle graag op lang wandelinge gegaan en ekskursies onderneem. Hulle het dikwels krieket en voetbal gespeel, terwyl skyfskiet 'n gewilde tydverdryf was. In Caldas da Rainha het hulle dikwels stiergevegte bygewoon. Enkele handvaardige Boere het snuisterye vervaardig, maar dié tydverdryf is nie op 'n groot skaal beoefen nie. Die verhouding tussen die Boere en Portugese was hartlik, sodat hegte vriendskappe gesluit is.

Die Boeregeïnterneerdes is in Julie 1902 gerepatrieer. In 1913 het die regering van die Unie van Suid-Afrika 'n sentrale monument in die Engelse begraafplaas in Lissabon laat oprig vir daardie geïnterneerdes wat in Portugal begrawe is.

## Inleiding

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is die eerste vyf maande deur 'n konvensionele

stellingkryg gekenmerk, waartydens die Boeremagte groot oorwinnings behaal het, maar teen Maart 1900 het 'n wending met die gelyktydige verbrokkeling van al die Boerefronte gekom. Die inname van die Republikeinse hoofstede, Bloemfontein (13 Maart 1900) en Pretoria (5 Junie 1900), deur die Britse magte het nie die einde van die georganiseerde weerstand deur die Boere beteken nie, sodat die Britse opperbevelvoerder, lord Roberts verplig was om die stryd voort te sit om ook die res van Transvaal te verower. Die Britse oormag het gaandeweg die Boere verplig om hulle posisies te ontruim en langs die spoorweg na Delagoabaai verder ooswaarts terug te val. Hierdie aftog van die Boere het uiteindelik tot die uitwyking van verskillende groepe oor die Mosambiekse grens gelei.[1]

## Uitwyking na Mosambiek

Diegene wat uiteindelik na Mosambiek uitgewyk het, kan in vyf groepe verdeel word:

Eerstens was daar die Kolonialers in die noordoostelike gedeelte van die Kaapkolonie en Noord-Natal wat met hulle volksgenote in die Boererepublieke gesimpatiseer het, gevolglik Britse weerwraak gevrees het en dus noordwaarts gevlug het.[2] Vanweë die aantog van die Britse magte na Pretoria aan die begin van Junie 1900 het baie Kolonialers besluit om die stad te verlaat en per trein of wa verder ooswaarts in die rigting van Barberton of Lydenburg te beweeg. Baie van hierdie Kolonialers het teen die einde van Julie 1900 saam met Boerekommando's na Komatipoort getrek.[3] Dáár het generaal J. Coetzer op 1 September 1900 aan Kolonialers toestemming gegee om die Mosambiekse grens oor te steek.[4]

Tweedens was daar die Boerevroue en -kinders wat van die platteland na Pretoria en die Witwatersrand gevlug het, maar in Julie 1900 in opdrag van Roberts na die vegtende Boerekommando's vir onderhoud gestuur is. Omdat die kommando's nie ingerig was om die vroue en kinders te versorg nie en omdat hulle die Boeremagte se krygsplanne belemmer het, het die Transvaalse regering besluit om hulle op Barberton te huisves.[5] Kort voor die Britse inname van Barberton op 13 September 1900 het 'n aantal vroue en kinders die dorp verlaat en na Mosambiek uitgewyk om gevangeneming deur die Britse magte te voorkom.[6]

Derdens was daar die Vrystaatse en Transvaalse gesinne van burgers wat opsetlik van hulle kommando's afgedwaal, hulle families en vee op hulle plase gaan haal en voor die Britse troepe uitgetrek het om uit die vyand se hande te bly. Teen 13 Julie 1900 het reeds

---

F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, 1991), pp. 13-14.

Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (hierna OMB), Bloemfontein: A 4508 'n Kykie in die lewe van ons moeder en ouma Catharina Magdalena de Beer (gebore Vorster), p. 3.

Instituut vir Geskiedenisnavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (hierna IGN, RGN), Pretoria: Dagboek van O.R. Belling, 01-06-1900, 03-06-1900 en 27-07-1900; H.P. van Straten, *Saam verban: herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Stellenbosch, 1940), pp. 29 en 40-41; OMB: A 4508 'n Kykie in die lewe van ... C.M. de Beer, pp. 4-5.

J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, III (Pretoria, 1990), hoofstuk 21, p. 14.

J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking* III, hoofstuk 20, pp. 17-18 en 23; J.C. Otto, *Die Konsentrasiekampe* (Kaapstad, 1954), pp. 36-37; E. Bizzari en E. Cope, "Die Italiaanse Legioen," *Die Huisgenoot* 21 (764), 13-11-1936, p. 81.

6. L. Penning, *De Oorlog in Zuid-Afrika* III (Rotterdam, geen datum), p. 1121.

meer as honderd sodanige burgers na Mosambiek uitgewyk.[7]

Vierdens was daar die Vreemdelingvrywilligers wat aan Boerekant geveg het, maar tydens die bewegingsfase van die oorlog deur die Boereoffisiere aangeraai is om oor die Mosambiekse grens uit te wyk om te verhoed dat hulle in die hande van die Britse magte sou val.[8]

Vyfdens was daar die burgers van die kommando's wat in Oos-Transvaal geopereer het nadat Pretoria deur Roberts se troepe ingeneem is. Met die aanvang van die bewegingsfase van die oorlog is die Boerekommando's in Oos-Transvaal gereorganiseer en is ongeveer 3 000 voetgangers, burgers met swak perde en burgers wat om ander redes nie kans gesien het om die oorlog voort te sit nie, na Komatipoort gestuur om hulle daar by Coetzer aan te sluit of na Mosambiek uit te wyk.[9] Na onderhandelinge met die Mosambiekse owerheid, het die Boere-offisiere besluit dat die Boerestrydmag wat deur die Britse troepe by Komatipoort teen die Mosambiekse grens vasgekeer is, die grens moes oorsteek om gevangeneming deur die Britte te voorkom, maar met die veronderstelling dat hulle so spoedig moontlik na die Transvaal sou terugkeer.[10] Onder bevel van generaal F.J. Pienaar het die Boere in die nag van 22 op 23 September 1900 die Mosambiekse grens oorgesteek.[11] Volgens internasionale gebruik is die Boere wat die Mosambiekse grens oorgesteek het, met die goedkeuring van Pienaar, deur die Portugese owerheid geïnterneer en moes die burgers hulle wapens aan die Portugese afgee.[12]

## Verblyf in Mosambiek

Die Portugese van Mosambiek was simpatiek jeens die Boere en het hulle vriendelik ontvang, maar in 1900 was huisvesting in Lourenço Marques bra skaars. Kolonialers en Boerevroue en -kinders uit Transvaal wat reeds vroeg in Lourenço Marques aangekom het, moes aanvanklik hulle intrek in spoorwaens neem.[13] Teen die einde van November 1900 is 'n tentkamp by Rubens Point vir die geïnterneerdes opgerig,[14] terwyl ander in die ou Polisiekaserne, die tronkbarakke en 'n kaserne by die see gehuisves is.[15]

---

B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-oorlog* (Amsterdam, 1902), pp. 125-126; A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en die "Joiners": die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria/Kaapstad, 1979), p. 49.

8. IGN: Verklaring van T. Keuzenkamp, Brussel, 24-05-1962, pp. 1-2.
9. B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog*, p. 129; R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray: a history of the Boer War* (London, 1967), p. 357; J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen, 1868-1917* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1993), pp. 152-153.
10. L. Penning, *De Oorlog in Zuid-Afrika* III, pp. 1123-1124; W. Schiele, *Mit den Deutschen im Buren-Kriege* (Berlin, 1901), p. 229; A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en die "Joiners"*, p. 50.
11. Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), Bloemfontein: A 155/68/2 Depósito os Boers, pp. 1-2; C.R.M. de F. e Maia, *Nostalgia Africana* (Lisboa, 1936), pp. 25-26.
12. R. MacNab, *Journey into yesterday: South African milestones in Europe* (Cape Town, 1962), p. 23; H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 43.
13. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 32.
14. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 33-36; IGN: Dagboek van O.R. Belling, 30-11-1900.
15. IGN: Dagboek van O.R. Belling, 23-09-1900; W. Schiele, *Mit den Deutschen im Buren-Kriege*, p. 229; P.C. Jooste, "Boere-krygsgevangenes in Portugal," *Die Huisgenoot* 26 (973), 15-11-1940, p. 23; VAB: A 155/68/2 Depósito os Boers, p. 7.

Boeregeïnterneerdes wat dit kon bekostig, is toegelaat om huise of kamers te huur.[16]

Die Goewerneur-generaal van Mosambiek, kolonel Joaquim José Machado, en die Goewerneur van die distrik Lourenço Marques was die geïnterneerdes goedgesind en die Portugese was gasvry en welwillend, maar klagtes van die kant van die geïnterneerdes was daar wel omdat die Portugese owerheid met beperkte middele tot hulle beskikking voor 'n moeilike taak gestel was om so 'n groot groep geïnterneerdes van huisvesting, kleding, voedsel en geneeskundige versorging te voorsien. Om die Portugese owerheid hiermee behulpsaam te wees, het die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n Commissie voor de Refugié's saamgestel. In Lourenço Marques was Pienaar en kommandante H.P. Mostert en N.J. Grobler die belangrikste Boere-offisiere, maar die verhouding tussen Pienaar en die Commissie was gespanne omdat die Commissie en baie geïnterneerdes van mening was dat Pienaar nie behoorlik as 'n veggeneraal aangestel was nie.[17]

Die lewensomstandighede in Lourenço Marques was vir die geïnterneerdes vreemd. Die sorgeloosheid en tydsaamheid van die Portugese het hulle opgeval. Veral die wyse waarop die Portugese die hele voormiddag koffie of wyn in die straatkafees op die stadsplein kon sit en drink, in die namiddag totaal van die toneel verdwyn het en teen die aand hulle verskyning gemaak en tot laatnag deur die strate na musiekuitvoerings, danssale of speellokale gedrentel het, was vir die geïnterneerdes in skrille kontras met hulle eie lewenspatroon.[18]

Tydens hulle verblyf in Mosambiek was die meeste Boeregeïnterneerdes betreklik passief. Leesstof was min, maar soms het 'n Nataller wat Engels geken het uit die *Natal Mercury* vir die ander voorgelees en verduidelik. Hy was daarvan oortuig dat dié koerant die helfte van die Boeresuksesse op die oorlogsfront verswyg het. Hulle onsekerheid oor wat die toekoms vir hulle ingehou het, het die geïnterneerdes daarvan weerhou om in alle erns met een of ander klein bedryf te begin. Enkele vroue het wel dasse, serpe en sokkies gebrei waarin hulle graag die kleure van die Transvaalse Vierkleur ingewerk het. Om hulle op te beur het die geïnterneerdes dikwels volksliedere, psalms en gesange gesing. Daaglikse wandelinge langs die see het vir afwisseling gesorg, maar swem in die see was nie juis gewild onder die Boere nie. Enkeles het saam met Portugese vissers na die oop see gegaan om vis te vang.[19]

Na diplomatieke onderhandelinge tussen die Britse en Portugese regerings, is besluit om die geïnterneerdes op koste van die Portugese regering na Portugal te stuur. Die belangrikste rede vir hierdie besluit was omdat Lourenço Marques aan die begin van die eeu maar 'n klein hawestadjie was en nie werklik oor die nodige infrastruktuur beskik het om die geïnterneerde Boere te huisves nie. Bowendien het die Britse regering, Portugal se "oudste bondgenoot", druk op die Portugese regering uitgeoefen om die Boeregeïnterneerdes elders heen te stuur sodat hulle nie na die kommando's kon terugkeer nie. Daarbenewens het 'n strawwe koorsepidemie uitgebreek wat die oorplasing van die geïnterneerdes na 'n gesonder oord gebiedend noodsaaklik gemaak het. Hoofsaaklik om hierdie redes is die geïnterneerdes

---

16. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 36 en 43.
17. W.J. Leyds, *Vierde verzameling (Correspondentie 1900-1902)* I, 1 ('s-Gravenhage, 1934), pp. xxv, 27-28, 43, 115-116 en 164.
18. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 45.
19. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 35, 37-38 en 46-47; Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria: A 1187 A.H.C. van Engelen, Lourenço Marques - Voorsitter, Nederlandse Rooikruis, Den Haag, 29-11-1900 en 30-11-1900; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Stellenbosch, 1992), p. 129.

aan boord van die drie Portugese skepe, die *Benguella*, die *Zaire* en die *Affonso de Albuquerque*, na Portugal verskeep.[20] Hierdie skepe het onderskeidelik op 28 Maart, 2 April en 12 Junie 1901 in die hawe van Lissabon vasgemeer en die geïnterneerdes is met en eerbetoon en uitroepe van "Viva os Boers!" (Lank lewe die Boere!) deur die Portugese in hulle midde verwelkom.[21]

**Verblyf in Portugal**

Die 1 019 Boeregeïnterneerdes in Portugal het uit 865 volwassenes en 154 kinders onder sestien bestaan. Die geïnterneerdes was as groep betreklik jeugdig, want die gemiddelde ouderdom van alle persone bo die ouderdom van sestien jaar was nagenoeg 32 jaar. Altesaam 387 geïnterneerdes was getroud, terwyl vyf pare in Portugal in die huwelik bevestig is. Nie minder nie as 22 kinders is in Portugal gebore. Onder die geïnterneerdes was daar 127 persone van ander nasionaliteite.[22]


Die geïnterneerdes was voor die oorlog nie gewoond aan maatskaplike samedrommings nie en een van die ergste dinge tydens hulle internering in Portugal was waarskynlik die gedwonge en druk sosiale verkeer met mense van soveel uiteenlopende geaardhede en karakters. Die kenmerkende individualisme van die Boere het hierteen in opstand gekom en dikwels tot onmin in eie geledere gelei. Benewens die verskillende nasionaliteite waartoe die geïnterneerdes behoort het, was hulle 'n groep bestaande uit rykes en armes, geleerdes en ongeleerdes, godsdiensdwepers en vrydenkers, ernstiges en vrolikes, kuises en onkuises, dapperes en lafaards; kortom 'n deursnit van die Boere rondom die eeuwending. Onder hierdie omstandighede was totale harmonie en onderlinge begrip onder die geïnterneerdes feitlik onmoontlik en het agterklappery dikwels voorgekom.

Die Boere is ongeveer sestien maande lank in ses plekke in die sentrale gedeelte van Portugal geïnterneer. Pienaar en sy geselskap is gehuisves in die Klooster van die Orde van Christus, een van die indrukwekkendste bouwerke in Portugal waarin uitmuntende voorbeelde van die Manuelynse styl voorkom. Mostert en 'n twaalftal geïnterneerdes is in die Casa da Esperança, aanvanklik 'n monnikeklooster, maar in daardie stadium onder beheer van die Portugese militêre owerheid, in Abrantes gehuisves. Later is Mostert en sy gesin toegelaat om in 'n huis in Abrantes te woon. In Caldas da Rainha is ongeveer 350 Boeregeïnterneerdes, onder wie sestig gesinne, in die warmbronhospitaal, die Hospital Termal Rainha Dona Leonor, en die imposante militêre barakke en hospitaal, die Pavilhões do Parque of Hospital Dom Carlos I, daarnaas gehuisves, terwyl Boeregesinne wat dit kon bekostig, toegelaat is om in die dorp huise te huur en die lede van die Commissie voor de Refugié's op eie koste in 'n plaaslike hotel, die Grande Hotel Lisbonense, tuisgegaan het. In die agterste gedeelte van die klooster van die Koninklike Abdy van Santa Maria in Alcobaça is nagenoeg 275 Boere gehuisves, terwyl ongeveer 340 geïnterneerdes in die indrukwekkende Fortaleza of Fort, die São Marcos-kerk en die Misericórdia-barak in Peniche onderdak gevind het. Die geïnterneerdes wat werderstrewig was of hulle aan wangedrag

20. O.J.O. Ferreira, "Boerebannelinge in Portugal," *Die Taalgenoot* 59 (6), Junie 1990, p. 11.
21. D. de Klerk, *The Boers in Portugal* (Lisbon, 1985), pp. 64-66, 72-73 en 84.
22. O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, 1994), pp. 63-64.

skuldig gemaak het, is in die Forte de São Julião da Barra buite Oeiras aangehou.[23]

Die meerderheid geïnterneerdes het 'n landelike agtergrond gehad en was gewoond aan die wydheid van die Suid-Afrikaanse veld en die isolasie wat daarmee gepaard gegaan het. Selfs diegene wat van die Rand gekom het, het hierdie oopheid van die landskap geken, want uit die sensusopgawes is dit duidelik dat min van hulle in Johannesburg gebly het, maar




*Figuur 1:* *Kaart van Portugal wat die plekke aandui waar die Boere geïnterneer was.*[24]

23. O.J.O. Ferreira, "Verblyfplekke van die Boeregeïnterneerdes in Portugal, 1901-1902," *Restorica* 17, April 1985, pp. 33-40.
24. Aangepas uit: H. en A. Wohl, *Portugal* (New York, 1983), p. 20.

dat hulle aan die buitewyke van dié stad as woonplekke voorkeur gegee het. Dat die Boere dus nie in Lissabon nie, maar in betreklik klein plattelandse oorde soos Abrantes, Alcobaça, Caldas da Rainha, Tomar en die vissershawe Peniche geïnterneer is, het hulle aanpassing in Portugal aansienlik vergemaklik.

Die Boeregeïnterneerdes was self vir die sindelikheid van hulle woonkwartiere en klere verantwoordelik, terwyl spesiale komitees in Nederland, Frankryk en Portugal tot stand gekom het om in hulle behoeftes aan klere te voorsien. Die Portugese manier van voedselvoorbereiding, veral die oordadige gebruik van olyfolie, het die Boeresmake en -mae nie aangestaan nie, sodat hulle spoedig die Portugese owerheid versoek het om hulle eie kos voor te berei. Die geneeskundige versorging van die Boere is deur die Portugese militêre owerheid aan voltydse mediese offisiere toevertrou en op elke plek is spesiale lokale vir siekes afgesonder. Pasiënte wat baie ernstig siek was, is na die Hospital Militar in Lissabon



*Figuur 2:* *'n Kookspan uit eie geledere saamgestel wat vir die Boeregeïnterneerdes in die gemeenskaplike kombuis in die Hospital Dom Carlos I in Caldas da Rainha voedsel voorberei het. Let op die profieltekening van pres. S.J.P. Kruger.*[25]

vir mediese behandeling oorgeplaas. Godsdiensoefeninge is met die vergunning van die Portugese owerheid gehou en G.J. Hugo, P.B.J. Stofberg en A.G. du Toit, predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en J. Beijer, predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het die geïnterneerdes geestelik bearbei. Wat die onderwys betref, is daar in Caldas da Rainha 'n skool gestig waarin meesters J. de Bruyn, R.A. den Ouden en C. Plokhooy 171 leerlinge onderrig het, terwyl volwasse geïnterneerdes ook in die Boereskole

25. Foto: Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

in Alcobaça en Peniche onderrig ontvang het.[26]

Hoewel die Boeregeïnterneerdes in Portugal se fisiese omstandighede grootliks van hulle landgenote, die Boerekrygsgevangenes op die Bermuda-eilande, Ceylon, St Helena en in Indië, verskil het, het die sielkundige en sosiale aspekte van hierdie twee groepe se lot groot ooreenkomste getoon.[27] Trouens, verwydering uit die bekende omgewing, die gedwonge versameling van 'n groot groep mense met verskillende lewens- en wêreldbeskouings, die onderwerping aan vasgestelde reëls en regulasies en die beperking van hulle bewegingsvryheid ontlok universeel ongeveer dieselfde reaksie by alle mense.[28]

Weggeruk uit die bekende milieu het hulle nietemin as vreemdelinge onder vreemde omstandighede geleef. Portugal was vir hulle 'n heeltemal vreemde land; die omgewing, die mense, die taal en kultuur was vreemd en hierdie andersheid het die aanpassing by die nuwe omstandighede aansienlik bemoeilik. Hulle aanpassingsvermoë was dus van beslissende belang tydens hulle internering, want dit het bepaal hoe hulle die nuwe omstandighede sou ervaar en verwerk. Vir party was die aanpassingsproses betreklik maklik, vir ander was dit moeilik, terwyl enkeles dit byna ondraaglik gevind het. Gelukkig was hulle as groep betreklik jeugdig. Die jongelinge en kinders het min aanpassingsprobleme ondervind, maar die ouer garde het soms in briewe en geskifte hulle misnoeë met die vreemheid van alles te kenne gegee.

## Tydverdrywe van die Boeregeïnterneerdes in Portugal

Een van die grootste probleme van die Boeregeïnterneerdes in Portugal was verveling. Kommandant N.J. Grobler het dit só opgesom: "Ledigheid lyd de mens tot veule dingen wat hy niet sou doen als hy werk heb." En dan voeg hy daaraan toe dat baie van die geïnterneerdes totaal onnodig oor baie dinge kla.[29]

Min faktore het hulle meer ontwrig as die gebrek aan dinge wat hulle geestelik en fisies besig kon hou. Tog was hulle in dié opsig in 'n bevoorregte posisie in vergelyking met die krygsgevangenes elders, want hulle groter bewegingsvryheid het hulle toegelaat om aan plaaslike aktiwiteite in die Portugese dorpies deel te neem. Eintlik is dit daarom vreemd dat hulle hoegenaamd ledig en verveeld was, want die moontlikhede tot fisiese en geestelike aktiwiteit was legio. Gelukkig was daar onder die geïnterneerdes ook diegene wat geweet het hoe om hulle deur die beoefening van verskillende aktiwiteite besig te hou.

26. O.J.O. Ferreira, "Depósito os Boers, Alcobaça, Portugal," in A. Wessels, A.W.G. Raath en F.J. Jacobs (reds), *Egodokumente: persoonlike ervaringe uit die Ango-Boereoorlog 1899-1902* (Bloemfontein, 1993), pp. 97-98.

27. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (DPhil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), pp. 191-232.

28. Vergelyk in hierdie verband: E.A. Cohen, *Human behaviour in the concentration camps* (Londen, 1953), pp. 115, 117, 125-126, 128, 130-132, 148-149, 181, 194, 208; I.J. Arntzen, "Psychological observations of prisoners of war," *American Journal of Psychiatry* 104(7), 1948; B. Bettelheim, "Individual and mass behaviour in extreme situations," *Journal of Abnormal and Social Psychology* 38(4), October 1943.

29. Nederlands-Zuidafrikaansche Vereniging (hierna NZAV), Amsterdam; VIII 28/12 N.J. Grobler, Alcobaça - J.A. van Otterloo, Nijmegen, 30-05-1902.

Die Portugese owerheid het die geïnterneerdes in Portugal groot vryheid van beweging toegelaat. Hulle kon vry in die dorpe en die onmiddellike omgewing rondloop, sodat die geleentheid tot aangename wandelinge volop was.

Tydens hierdie wandelinge het die Boeregeïnterneerdes van Alcobaça vrugte soos kersies, aarbeie, lemoene, pere, perskes, appels en druiwe van die Portugese boere teen lae pryse gekoop.[30] Tydens 'n besoek van 'n paar Boere aan 'n Portugese boer, José d'Almeida da Silva, het hy die Transvaalse volkslied op 'n polifoon (musiekdoos) gespeel. Onmiddellik het die burgers op aandag gestaan - te bewoë om saam te sing, maar met trane in hulle oë.[31] Na hulle wandelinge het hulle graag in die koelte van die bome voor die klooster van Alcobaça gesit en gesels[32] en in die nabygeleë kroegie 'n drankie gedrink.



*Figuur 3:* *'n Groepie Boeregeïnterneerdes in 'n laning net langs die Klooster van Alcobaça.*[33]

Wanneer Chris de Wet op 25 Junie 1901 in Peniche in sy dagboekie skryf: "Mijn hart is verguisd in mijn binneste van wege mijn volksweën en van sterk verlangen" verwoord hy waarskynlik die gevoelens van baie van sy medegeïnterneerdes. Wanneer die verlange te sterk geword het, het die Boere die eensaamheid van die natuur opgesoek. Die Boeregeïnterneerdes in Peniche het dikwels op lang wandelinge gegaan, maar die besienswaardighede in Peniche en op die skiereiland waarop die dorp geleë is, kon in enkele

30. *De Kerkbode* 18(28), 18-07-1901, p. 415.
31. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp. 36-37.
32. *Diário de Notícias*, 09-04-1901.
33. Uit: *Diário de Notícias*, 09-04-1901.

dae besigtig word. Daarna het die wandelinge nogal eentonig geword. Die boere onder die geïnterneerdes in Peniche was wel tydens hulle wandelinge besonder beïndruk deur die wyse waarop die Portugese boere elke moontlike stukkie grond op die barre skiereiland van Peniche intensief bewerk het. Hulle was ook beïndruk deur die hoë mure wat rondom die tuine gebou is om mens en dier uit te hou,[34] maar ook om die gewasse teen die sterk seewind te beskerm.

Wandelinge in die park van Caldas da Rainha om die roostuine en die helder rooi blomme van die Judasbome, wat altyd in volle bloei staan met Paasfees, te bewonder, was 'n gewilde vorm van tydverdryf. Verliefde paartjies het graag op parkbankies onder palmbome na murmelende waterstroompies en kunstig nagemaakte waterdiertjies van die plaaslike keramiekfabrieke sit en kyk. Soms was die wandelinge vol pret en opgeruimdheid, maar dikwels was dit ook die tyd wanneer heimwee en verlange na die vaderland en geliefdes die geïnterneerdes oorval het.[35] 'n Ander gewilde besoekpunt in Caldas da Rainha was een van die keramiekfabrieke,[36] waarin daar 'n lewensgrootte voorstelling van die "Lydensweg van Jesus" was. Dit is te begrype met watter eerbied en respek die Boere, met hulle diepgewortelde godsdienssin, hierdie beeldegroepe aanskou het.[37] Hierdie beeldegroepe word tans in die José Malhoa-museum in Caldas da Rainha uitgestal.



*Figuur 4:* *Wandeling in die park voor die Hospital Dom Carlos I in Caldas da Rainha was een van die Boere se gunsteling vorms van tydverdryf.*[38]

Soos elders in Portugal, het die geïnterneerdes in Abrantes ook 'n groot mate van

34. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 73-74 en 76-77.
35. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 123-124.
36. TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 09-04-1901.
37. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 85-86.
38. Foto: Dr J. Ploeger-versameling, Pretoria.

vryheid van beweging gehad; 'n vergunning waarvan hulle graag gebruik gemaak het.[39]

Nadat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken is, is die geïnterneerdes in Portugal wat dit kon bekostig toegelaat om op kort ekskursies te gaan. So het 'n paar burgers van Alcobaça byvoorbeeld nabygeleë vakansieoorde besoek.[40] Enkele Boere in Caldas da Rainha het verlof gekry om historiese plekke, soos die kloosterkerk van Batalha, te besoek. Die indruk wat hierdie bouwerk op die geïnterneerdes gemaak het, was oorweldigend.[41] Ander het donkies gehuur en die nabygeleë Obidos, 'n skilderagtige, ommuurde Middeleeuse dorpie, besoek, terwyl die geïnterneerdes onder sekere voorwaardes toegelaat is om selfs medegeïnterneerdes in ander oorde te besoek.[42] Só het die jong Johannes de Waal van Alcobaça sy boesemvriend Daniel J. Roux in Caldas da Rainha besoek en hom daarna per brief bedank vir die lekker tyd wat hulle saam deurgebring het en vervolg: "Het is vreeselijk stil hier. Man ik voel zoo eenzaam. ... I say dont give the show away."[43]



*Figuur 5:* ***Boeregeïnterneerdes het dikwels donkies van die Portugese gehuur om ekskursies te onderneem en selfs om hulle familie en vriende in ander interneringsoorde in Portugal te gaan besoek.***[44]

Party van die Boereleiers in Caldas da Rainha het van die Portugese owerheid verlof

39. *De Kerkbode* 19(9), 06-03-1902, p. 99.
40. Natalse Argiefbewaarplek (hierna NAB), Pietermaritzburg: A 743 Herinneringe van J.J. Maré, p. 7.
41. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 132-134.
42. TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 06-07-1901.
43. André Bezuidenhout-versameling, Posbus 389, Bloemfontein, 9300: J. de Waal, Alcobaça - D.J. Roux, Caldas da Rainha, 02-07-1902.
44. Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.

ontvang om ander dorpe en stede soos Alcobaça, Peniche, Oporto en Lissabon te besoek.[45] P.I. de Kock en W.J. Geerling het Lissabon teen die middel van Mei 1901 vir vyf dae besoek om persoonlike sake af te handel. Hulle was deur 'n kaptein van die Portugese artillerie vergesel, maar is toegelaat om heeltemal vry rond te beweeg op voorwaarde dat hulle een keer per dag by die kaptein moes aanmeld.[46]

Kolonel Zeferius W. Gonçalves Brandão van die Portugese Artillerie was in bevel van die Boeregevangenes in Forte de São Julião da Barra in Oeiras. Volgens S.A. Smit was hy "de humaniteit in persoon", maar sy "handen zijn ook gebonden".[47] Brandão het spoedig ontdek dat baie van die Boeregevangenes vriendelike en gemaklike mense was en nie misdadigers in die ware sin van die woord nie. Mettertyd het hulle sy vertroue gewen en het hy party van hulle selfs toegelaat om die nabygeleë Oeiras en Caxias te besoek.[48]

'n Nederlander, C.A. Nienkerk, wat in Caldas da Rainha geïnterneer was, het op 26 April 1901 verlof gevra om vir drie maande na Nederland te gaan omdat hy in 1875 na Transvaal geëmigreer het en hy sy familie graag weer na 25 jaar wou ontmoet. Hy het beloof om nie die parool te misbruik nie. Die Portugese owerheid het sy versoek toegestaan.[49]

By geleentheid van president S.J.P. Kruger se verjaardagviering op 10 Oktober 1901 is al die skoolkinders van die Boereskool in Caldas da Rainha onder toesig van die onderwysers met vier tremwaens op 'n ekskursie na die strand geneem.[50]

Wanneer geïnterneerdes oor die beperking op hulle bewegingsvryheid gekla het, was dit eintlik 'n ongegronde klagte, want in vergelyking met die krygsgevangenes was hulle besonder vry. Van die dubbele doringdraadheinings wat die krygsgevangenekampe omsluit of die magtige oseane wat die eilande omspoel het en skildwagte in hulle waghuisies rondom die kampe,[51] was in Portugal geen sprake nie. In die lig hiervan, is dit ook nie vreemd dat, in verhouding tot hulle getalle, die ontsnappingsyfer onder die geïnterneerdes veel hoër as dié onder die krygsgevangenes was nie.[52] Vryheid van beweging was vir die Boere altyd uiters belangrik; trouens, hulle hele geskiedenis het tot in daardie stadium in die teken van vrye beweging en trek gestaan. Hoewel die geïnterneerdes 'n uitsonderlike groot mate van bewegingsvryheid in Portugal geniet het, het die blote gedagte dat hulle nie volkome vry was nie en by die Portugese owerheid verlof moes vra wanneer hulle iewers heen wou gaan baie

---

45. Arquivo Histórico Militar (hierna AHM), Lissabon: 3/17/18 Nr 2083 P.W. Kruger, Caldas da Rainha - Commandant, Caldas da Rainha, 03-05-1901; 3/17/18 Nr 4012 Commandante do Depósito, Caldas da Rainha - Secretaria da Guerra, Lisboa, 08-09-1901.
46. AHM: 3/17 P.I. de Kock en W.J. Geerling, Caldas da Rainha - Commandant du Depot, Caldas da Rainha, 10-05-1901; AHM: 3/17, nr 51 Commandante do Depósito, Caldas da Rainha - Secretaria da Guerra, Lisboa, 10-05-1901; A.J. Burger-versameling,Posbus 8, Krugersdorp, 1740: W.J. Geerling, Lissabon - W. Geerling, Amsterdam, 19-05-1901.
47. AHM: 3/17, nr 312 Commandante da 1 Divisão Militar, Lisboa -Secretaria da Guerra, Lisboa, 07-11-1901; NZAV: Argief H.J. Emous 1/A.8 S.A. Smit, Oeiras - W Linden, Nijmegen, 05-03-1902.
48. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 51.
49. AHM: 3/17/18 Nr 1916 C.A. Nienkerk, Caldas da Rainha - Commandant, Caldas da Rainha, 26-04-1901, en Commandante do Depósito, Caldas da Rainha - Secretaria da Guerra, Lisboa, 26-04-1901.
50. IGN: Dagboek van O.R. Belling, 10-10-1901; OMB: A 4508 'n Kykie in die lewe van ... C.M. de Beer, p. 9.
51. A.F. Louw, *My eerste neëntig jaar* (Kaapstad, 1958), p. 63; A.S. Green, "A visit to the Boer prisoners at St. Helena," *The Nineteenth Century and After* 286, Desember 1900, p. 974.
52. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, pp. 384-425.

geïnterneerdes gegrief. Die betreklik groot getal geïnterneerdes wat ontsnap het of pogings aangewend het om te ontsnap, kan nie net aan die swak beheer van die Portugese owerheid toegeskryf word nie, maar hou ook verband met die Boere se drang na bewegingsvryheid.

## 2 *Sport*

Die Boere het dikwels voetbal (rugby) gespeel, 'n spel wat in daardie dae totaal onbekend in Portugal was en hoewel die Portugese die reëls van die spel nie verstaan het nie, het hulle die Boere met groot belangstelling dopgehou.[53] Nie lank na hulle aankoms in Caldas da Rainha nie, het die Boere in die openbare park voetbal gespeel. Die spel het spoedig baie toeskouers na die park gelok en was deels daarvoor verantwoordelik dat dit die vergaderplek van die plaaslike gemeenskap geword het - wat dit vandag nog is.[54] Die jong geïnterneerdes in Alcobaça het die Commissie voor de Refugié's versoek om aan hulle 'n voetbal beskikbaar te stel, maar die Commissie wou nie aan die versoek voldoen nie en het hulle besluit só gemotiveer: "Wij zagen liever dat de jongens voor de noodige lichaamsoefening een ander spel kozen waarbij minder gevaar bestaat voor vernieling van kleeren hetgeen onder onzen omstandigheden een bedenklijk iets is."[55]

Krieket was 'n gewilde sportsoort onder die geïnterneerdes in Caldas da Rainha. So het die Kolonialers 'n krieketwedstryd teen die Transvalers gespeel - en verloor! Krieket het so 'n gewilde spel onder die geïnterneerdes geword dat die Commissie 'n nuwe krieketstel aan die Boerekinders in Caldas da Rainha geskenk het.[56]

Ook skyfskiet was 'n gewilde tydverdryf. Die Portugese en Boere het in Alcobaça teen mekaar meegeding. Die Boere het dikwels gewen, danksy een uitstaande skut, ene Jan. Hierdie Jan, waarskynlik Jan Theodor Milliery, het later daarin geslaag om uit Alcobaça te ontsnap.[57] In die Forte de São Julião da Barra in Oeiras het die bevelvoerder blykbaar aan die Boere gewere en patrone verskaf om na seevoëls te skiet om aan sy seesoldate te wys hoe 'n vuurwapen eintlik gehanteer word. Volgens oorlewering het die Boere nie die bevelvoerder teleurgestel nie.[58]

Op Nuwejaarsdag 1901 is 'n groot sportbyeenkoms vir die jongmense buitekant Alcobaça gereël "die zeer ten genoegen van alle deelnemers en bywoners afliepen".[59] Op 22 Mei 1901 het die geïnterneerdes in Peniche 'n Boeresportbyeenkoms gehou. In die "hartloopen" [wedloop] het G.J. Cloete eerste geëindig, terwyl B.C. Coetzee die "gewegwerpen" [gewigstoot] gewen het. In die "ardtapelen oprapen" [aartappelresies] het 'n Goosen die eerste prys ontvang. Ene Geyer het die hoogspring gewen, terwyl die "twee benen nael" [driebeenwedloop] deur G.J. Cloete en sy maat, G.M. de Lange, gewen is.[60]


Die Portugese van Tomar het die Boere 'n tradisionele spel, Jogo do Pau, geleer. Dit is 'n soort kieriegeveg waarin dit om vaardigheid gaan en nie om die teenstander te beseer

53. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 41.
54. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 48.
55. VAB: A 155/68/1 W.J. Geerling, Caldas da Rainha - N.J. Grobler, Alcobaça, 20-08-1901.
56. IGN: Dagboek van O.R. Belling, 20-09-1901 en 18-01-1902.
57. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp. 37-38.
58. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 52.
59. VAB: A 155/68/2 Depósito os Boers, p. 34.
60. J.J. Roodt-versameling, Posbus 263088, Drie Riviere, 1935: Dagboek van H.J. Roodt, Peniche, pp. 50-51.

nie.[61]

By geleentheid het van die Boeregeïnterneerdes in Caldas da Rainha donkies gehuur om strand toe te gaan. Die afstand na die naaste strandoord, Foz do Arelho, was ongeveer drie uur te perd, maar met steekse donkies op die sanderige pad het dit natuurlik langer geneem om uiteindelik in die see te kon swem.[62] Lagoa de Obidos was 'n ander gewilde swemplek.[63]

Destyds was stiergevegte die nasionale sport van Portugal - dit is voordat die sokkerkoors hulle beetgepak het! Vir die Boere was stiergevegte iets nuuts. Dit was vir hulle huiweringwekkend om te sien hoedat die bulle mishandel word.[64] Op 'n vergadering in Junie 1901 het die Boere in Caldas da Rainha selfs 'n formele besluit geneem dat hulle nie



*Figuur 6:* ***Hoewel die Boeregeïnterneerdes formeel besluit het dat hulle nie stiergevegte sou bywoon nie, het baie van hulle tog daarna gaan kyk. Hierdie foto is op Sondag 15 Augustus 1901 deur een van die Boere in Caldas da Rainha se stiergevegarena geneem.***[65]


die stiergevegte sou bywoon nie.[66] Dit het moontlik daarmee verband gehou dat baie van die stiergevegte op Sondae gehou is. Nietemin, baie Boere het hulle nie aan hierdie besluit gesteur nie en selfs offisiere het die stiergevegte graag bygewoon. 'n Vooraanstaande

61. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 55.
62. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 131-132; TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 03-08-1901 en 27-09-1901.
63. TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 10-05-1901.
64. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 91-92; OMB: A 4508 'n Kykie in die lewe van ... C.M. de Beer. p. 9.
65. Foto: Dr D.J. de Kock-versameling, Pretoria.
66. IGN: Dagboek van O.R. Belling, 10-06-1901.

Portugees, Victorino da Foes, het selfs 'n spesiale stiergeveg op sy landgoed by St Martinho do Porto ter ere van die Boere-offisiere gee. Daarna het hy in sy paleisagtige woning vir hulle 'n dinee aangebied, waarna die aand met orkesmusiek en 'n vuurwerkvertoning afgesluit is.[67]

### *3 Konserte, sang en feeste*

Op 12 Mei 1901 het *O Abrantes* in Abrantes gerapporteer dat daar 'n konsert ter ere van kommandant Mostert na sy besoek aan Peniche, Caldas da Rainha en Alcobaça aangebied is. Die program het die speel van die Transvaalse volkslied ingesluit. In sy toespraak by hierdie geleentheid het Mostert beklemtoon hoe gunstig hy deur die omstandighede van die Boere in Alcobaça beïndruk is.[68]




*Figuur 7: Voorblad van 'n program van 'n konsert wat op 31 Desember 1901 deur die Boeregeïnterneerdes in die Klooster van die Orde van Christus in Tomar aangebied is.*

Op Oujaar 1901 het die geïnterneerdes in Tomar in die Klooster van Christus 'n "Gezellige Avond" gehou. Volgens die kunstig versierde program, wat deur S.F. (Fanie) Naudé, seun van kommandant P.S.Naudé, ontwerp is, is die verrigtinge met die speel van die Transvaalse volkslied en die Portugese volkslied deur 'n Portugese orkes begin en afgesluit. Die orkes het tydens die program ook Portugese walse, polkas en 'n masurka

---

67. TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 24-06-1901, 29-06-1901 en 15-08-1901.
68. *O Abrantes*, 12-05-1901; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 32.

gespeel, wat met 'n klaviersolo en -duette en koor-, solo- en tweesang deur lede van die families Pienaar en Naudé en J.F. Eksteen afgewissel is. Die soort liedere wat gesing is, was byvoorbeeld "The song that reaches my heart" en "Goodbye, sweetheart, goodbye".[69]

Die jong Boere het ook 'n paar konserte in die klooster van Alcobaça aangebied, maar as gevolg van die taalverskil het hulle min ondersteuning van die Portugese gekry.[70]

Johannes Jacobus Pienaar, die negentienjarige seun van generaal Pienaar, het in Tomar kitaar- en mandolienlesse ontvang en die instrumente so goed geleer bespeel dat hy 'n lid van 'n groepie musikante geword het wat gereeld teen middernag in die dorp rondbeweeg het om serenades vir die bewoners te speel.[71]

Orkesuitvoerings is dikwels op die markplein in Caldas da Rainha gehou. Die Boere het die meeste van die orkes gehou waarvan die orkeslede almal wit petjies gedra het en wat deur die Boere die naam "Die Witkoppe" gegee is. Hierdie orkes het soms vir die Boere die Transvaalse volkslied en die Vrystaatse volkslied gespeel - wat natuurlik emosionele reaksies tot gevolg gehad het.[72]

R.A. den Ouden het 'n "Zangvereeniging" en koor in Caldas da Rainha gestig. Hy het 'n deeglike kennis van musiek gehad, kon self mooi sing en was 'n uitstekende koormeester. Sy koor het hoofsaaklik uit jongmense bestaan. Kooroefeninge het twee keer per week plaasgevind en elke sessie het twee uur geduur. Vierstemmig het hulle Kinderharpliedere, Psalms en Gesange en ook Nederlandse koorstukke gesing. Die koor was so gewild dat die Portugese later verlof gevra het om die kooroefeninge by te woon. Op 24 Desember 1901 het die koor 'n openbare sanguitvoering gelewer.[73]

Veral die jongmense en kinders het Portugese liedjies baie vinnig aangeleer (Figuur 8) en kon tot in hulle gryse ouderdom die woorde en wysies onthou en het dit aan hulle kinders en kleinkinders oorgedra.[74]

President Kruger se verjaardag is die aand van 10 Oktober 1901 op die markplein van Caldas da Rainha met 'n vuurwerkvertoning gevier, maar die Portugese owerheid het dit stopgesit,[75] waarskynlik omdat dit die Britse gesantskap in Lissabon aanstoot sou gee.

Kersfees 1901 in Caldas da Rainha was aangenaam, danksy die klere en voedsel wat die Nederlanders vir hierdie geleentheid aan die Boeregeïnterneerdes gestuur het. Portugese dames van Caldas da Rainha het vir die Boerekinders 'n Kersparty gereël, waar drie Kersbome, geskenk deur die Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Comité in Lissabon, was. Van Portugese kant is aan elke geïnterneerde 'n medalje van terracotta met 'n afbeelding van

---

69. A. van der Hoven-versameling, Eerste Laan 58, Lambton, Germiston, 1401: Programma van Gezellige Avond, Convento d' Christo, 31-12-1901.
70. K. Roodt, "Boere-krygsgevangenekampe (in die Ooste en in Portugal)," *Die Huisgenoot* 25(960), 16-08-1940, p. 23.
71. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 56.
72. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 94.
73. NZAV: Argief H.J. Emous 1/A 8 J. Beijer, Caldas da Rainha - H.J. Emous, Amsterdam, 17-12-1901; P.C. Jooste, "Boere-krygsgevangenes in Portugal," *Die Huisgenoot* 20(973), 15-11-1940, p. 25; H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 120-121; Rudolf Opperman-versameling, Darrenwood Village 103, Privaatsak X5, Linden, 2104: R.A. den Ouden, Caldas da Rainha - P.J. Schutte, [Onbekend], 10-08-1901.
    Skriftelike mededeling: Tom Webster, Posbus 1146, Bedfordview, 2008, 04-11-1991; Mondelinge mededeling: J.D. Kriel, Departement Antropologie en Argeologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002, 11-03-1994.
75. IGN, Dagboek van O.R. Belling, 10-10-1901.

Kruger daarop as aandenking gegee.[76] Die jongmense in Caldas da Rainha het die nuwe jaar 1902 met 'n Nuwejaarsfees tegemoet gegaan.[77]

Die Portugese karnaval, wanneer die feesvierende menigte in groot getalle op die markplein in Caldas da Rainha saamgetrek het om plesierig fees te vier, het die Boere baie beïndruk. Hierdie karnaval het die heel dag geduur en is die aand met 'n vuurwerkvertoning afgesluit.[78]



*Figuur 8* *Die kinders van Boeregeïnterneerdes en die Portugese in Caldas da Rainha het spoedig vriende gemaak en saam gespeel. Al spelende het die Boerekinders Portugees leer praat en kon hulle Portugese liedjies sing.*[79]

## *4 Dans, drink en rook*

Tot groot ontsteltenis van kommandant Grobler het die Boere in Alcobaça graag danspartye bygewoon, waar hulle met die Portugese meisies kennis kon maak.[80] Op 11 Februarie 1902 het 'n karnaval in Alcobaça begin wat drie dae geduur het en wat Asdag vooraf gegaan het. Die plaaslike Portugese het almal daaraan deelgeneem. Saans is gedans en die Boere het lustig daaraan deelgeneem. Twee veldkornette, W. v.d. M. Nel en M. de Kock, is erg deur hulle mede-offisiere verkwalik omdat hulle aan die dansery deelgeneem het.[81]

---

76. OMB: A 4508 'n Kykie in die lewe van ... C.M. de Beer, p. 9; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking III*, hoofstuk 22, p. 13.
77. IGN: Dagboek van O.R. Belling, 01-01-1902.
78. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 93.
79. Foto: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.
80. IGN: G/BP 10 N.J. Grobler-versameling: N.J. Grobler, Alcobaça - Mev. S.H.F. Grobler, Johannesburg, 18-01-1902.
81. VAB: A 155/68/2 Depósito os Boers, pp. 49-50.

Die Boere-offisiere in Caldas da Rainha is amptelik genooi om die jaarlikse openingsfunksie van die warmbronhospitaal en die openbare park op 15 Mei 1901 by te woon. Die aand is 'n bal in 'n groot gebou in die park gehou. Buite die gebou het 'n blaasorkes onder meer die Transvaalse volkslied gespeel.[82]

Een van die grootste wynboere in die omgewing van Alcobaça het 'n wynproe op sy plaas gereël en ook van die Boergeïnterneerdes daarheen genooi.[83] Omdat die omgewing van Alcobaça wyn geproduseer het, was wyn in die area besonder goedkoop. Somtyds het die Portugese dit selfs gratis aan die Boere beskikbaar gestel. Die gevolg was "dat velen zich op den weg der verzoeking bevinden".[84] Ten minste een van die geïnterneerdes, T.C. Keuzenkamp, "prijst de Portugese wijn".[85]

Baie wyn is ook in die omstreke van Caldas da Rainha geproduseer, drank was goedkoop en gevolglik is ook baie gedrink. Drinkplekke was volop. 'n Takkie wat bo die voordeur van 'n huis aan 'n spyker gehang het, het aangedui dat dit 'n drinkplek was. P.C. Jooste skryf dat hy nooit 'n dronk Portugees in Caldas da Rainha gesien het nie, maar dat Boere dikwels te veel gedrink het. By geleentheid het Dirk van Leeuwen hom aan die "vinho tinto" (rooiwyn) vergryp en is gewaarsku dat as dit weer gebeur hy na Peniche gestuur sou word. Ook gelisensieerde dobbelary was aan die orde van die dag.[86]

'n Klompie geïnterneerdes in Peniche het, tot groot ontsteltenis van die besoekende predikante, van drinkpartye gehou en hulle "spaarpenningen" te dikwels aan "Bom Vinho" bestee, aangesien wyn so goedkoop in hierdie streek was.[87] 'n Twintigtal geïnterneerdes het die meeste van hulle tyd in die drinkplekke van Peniche deurgebring en veel moeite en onaangenaamheid veroorsaak.[88] Die Portugese militêre owerheid was verplig om hulle deur afsonderlike opsluiting te straf en enkeles is na herhaaldelike dronkenskap selfs na die Fort de São Julião da Barra by Oeiras oorgeplaas.[89]

Koffiedrink, rook en gesels oor wat verby is en wat nog kan kom, was belangrik. Omdat Caldas da Rainha nie te ver van Alcobaça en Peniche geleë is nie, het Boeregeïnterneerdes dikwels daarvandaan na hulle vriende en familie in Caldas da Rainha op besoek gekom.[90] Die pype wat by geleentheid uit Nederland aan die geïnterneerdes geskenk is, het groot opgewondenheid tot gevolg gehad. Omdat daar nie genoeg pype vir almal was nie, is hulle onder die rokende burgers bo agtien jaar verloot.[91]

### *Skryfwerk en lees*

Die internering van die Boere, eers in Mosambiek en later in Portugal, het bepaalde emosies by hulle gewek, reaksies ontlok en ongetwyfeld 'n onuitwisbare indruk op hulle gemaak. Die

---

82. TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 15-05-1901.
83. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 39.
84. *De Kerkbode* 18(28), 18-07-1901, p. 415.
85. C. de Jong, "Twee broers Keuzenkamp uit Rotterdam als vrijwilliger in de Anglo-Boerenoorlog," *Nieuws uit Zuid-Afrika* 15(7-8), Desember 1975 - Januarie 1976, p. 15.
86. P.C. Jooste, "Boer-krygsgevangenes in Portugal," *Die Huisgenoot* 20(973), 15-11-1940, p. 25; TAB: A 185 Dagboek van M. Noome, 05-08-1901.
87. *De Kerkbode* 18(25), 27-06-1901, p. 376.
88. *De Kerkbode* 19(16), 24-04-1902, p. 184.
89. AHM: 3/17/18F Depósito d' Emigrados Boers: Registo Disciplinar, Peniche, 1901.
90. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 74; H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 84 en 118-119.
91. NZAV: VIII 28/12 R.A. den Ouden, Caldas da Rainha - J.A. van Otterloo, Nijmegen, 06-06-1902.

korrespondensie, herinneringskrifte en dagboeke van enkele geïnterneerdes wat behoue gebly het, getuig daarvan.

Korrespondensie met geliefdes in Suid-Afrika, maar ook aan familielede en vriende elders in Portugal of in een van die krygsgevangenekampe in Indië, op Ceylon, St Helena of die Bermuda-eilande het baie tyd van die Boeregeïnterneerdes in beslag geneem. Die ontvangs van 'n brief was 'n besondere gebeurtenis en so 'n brief is telkens herlees totdat elke woord as't ware in die brein gegraveer was.[92]

Alle korrespondensie het nie net goeie nuus bevat nie. Daar was berigte van familielede en vriende wat op die slagveld of in 'n konsentrasiekamp gesterf het. En dit is te verstane wat 'n skok dit vir vyf geïnterneerdes in Peniche moes gewees het toe hulle berig ontvang het dat hulle vroue in Suid-Afrika aan hulle ontrou was. Tog het ds. J. Beijer gevoel dat 'n mens simpatie met die ontroue vroue moes hê, "want de vijand spant haar allerlei strikken met de bedoeling de Afrikaners moreel te gronde te richten".[93]

Terwyl P.F. (Filip) Pienaar in Tomar geïnterneer was, het hy sy oorlogsherinneringe opgeteken. Dit is later onder die titel *Met Steyn en De Wet: belangrijke mededeelingen en persoonlijke ervaringen* (Middelburg, 1902) in boekvorm gepubliseer en het gesogte Africana geword.[94]

Baie van die Boerekrygsgevangenes het hulle aan die digkuns en ander vorme van die letterkunde gewaag en hoewel dit nie van hoogstaande gehalte was nie, is dit interessant om daarin te sien hoe die uitingsdrang van die Boere worstelend te voorskyn getree het. Van die Boeregeïnterneerdes daarenteen het slegs enkeles hulle aan die skryf- en digkuns gewaag. Onder laasgenoemdes was P.F. Pienaar, wat sy emosies in digvorm uitgestort het. Die gedigte het hoofsaaklik oor die oorlog en die liefde gehandel. Sy herinneringe aan Tomar het hy soos volg verwoord:

*Recordaçoas de Portugal*

*Adiu, Thomar! Yet deem me not*
*Unheedful of thy beauty;*
*I near could leave so fair a place*
*Save at the call of duty.*
*Adiu, Thomar! Nabão, farewell,*
*No more the wilful dark-eyed belle*
*Who charms the heart, the soul, the eye*
*Will waste the night with langours sigh*
*What time the crescent floath high ...*
*To lovely towers! Pride of race*
*May fully claim a dwelling place*
*Within those ivy-manteled walls,*
*That now resound with youthful play;*
*Thus glides all earthly fame away,*
*For kings have paced these halls.*[95]

92. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 75.
93. NZAV: Argief H.J. Emous 1/A 8 J. Beijer, Caldas da Rainha - H.J. Emous, Amsterdam, 17-12-1901.
94. V.C. Wood, "Ons en Portugal," *Lantern* 14(3), Maart 1965, p. 102.
95. Dr. en mev. Jan Picard-versameling, Thomaslaan 820, Arcadia, Pretoria, 0083: Gedigte van P.F. Pienaar, Portugal, 1901-1902.

Die Nederlandsch-Zuidafrikaansche Vereeniging (Afdeling Nijmegen en Omstreken) het vir die geïnterneerdes Nederlandse tydskrifte gestuur om te lees. Hierdie tydskrifte is met graagte in Alcobaça gelees en kommandant Grobler het die skenkers spesiaal daarvoor bedank.[96] Die boeke en tydskrifte wat van Nederland aan die geïnterneerdes in Caldas da Rainha gestuur is, is deur skoolhoof R.A. den Ouden in 'n "biblioteek" geplaas wat onder sy persoonlike toesig was en waar al die geïnterneerdes die leesstof kon benut. Volgens Den Ouden het baie Boere in die "aangename lectuur" ontvlugting uit hulle ballingskap gevind.[97] Onder die boeke wat uit Nederland na Caldas da Rainha gestuur is, was 'n volledige versameling van al die werke van Abraham Kuyper wat hy persoonlik aan die Boere geskenk het.[98] Om die geïnterneerdes op die hoogte van wêreldgebeure te hou, is leeskringe gevorm. Die Nederlandse Perskantoor het onderneem om gereeld 'n pak koerante vir die geïnterneerdes te stuur.[99]

### *6 Debatte en koerantjies*

W.v.d.M. Nel het die leiding geneem om 'n debatsvereniging in Alcobaça te stig deur 'n vergadering van die geïnterneerdes met die doel voor oë byeen te roep. Tydens die vergadering het Nel se planne die wind van voor gekry. E. Norval wou weet of die debatsvereniging "een geestelijk karakter zou dragen". Die antwoord hierop was "Nee", waarop Norval geantwoord het dat hulle in 'n kritieke tyd geleef het en dat dit nie nou die tyd vir wêreldse genietinge was nie. Grobler het Norval gesteun en gesê dat ter wille van goeie debatvoering te veel leuens by byeenkomste van debatsverenigings vertel word en dat dit 'n sonde is. P.M.A. Kruger het hom by hulle aangesluit en het beweer dat sodanige "neuwigheden" een van die oorsake van hulle ballingskap was. In sy repliek het Nel gesê dat die leuens wat in debatvoering ter wille van argumentvoering gebruik word, tog nie as sonde gereken kan word nie, terwyl W.S. Hayes daaraan toegevoeg het dat sodanige leuens met 'n wit kwas opgeskryf is en maklik uitgewis kan word. Uiteindelik is met 'n meerderheid van stemme besluit om met die stigting van 'n debatsvereniging voort te gaan.[100]

In Peniche het die geïnterneerdes twee debatsverenigings gestig. Elkeen van hierdie verenigings het 'n eie weeklikse lyfblad uitgegee waarvan die name onderskeidelik *Worstelaar* en *De Macaroni* was.[101] W.D. Mathews, wat 'n baie mooi handskrif gehad het, het een van hierdie koerantjies met die hand geskryf voordat dit gedupliseer is.[102]

### *Hofmakery*

Hofmakery het nie agterweë gebly nie. Theodorus Ernest Pienaar, die lang, sterk en aantreklike agtienjarige seun van generaal Pienaar, het in Tomar op 'n plaaslike Portugese meisie verlief geraak, maar ongelukkig was die meisie se ouers teen so 'n verhouding

---

96. NZAV: VIII 28/12 N.J. Grobler, Alcobaça - J.A. van Otterloo, Nijmegen, 28-03-1902 en 30-05-1902.
97. NZAV: VIII 28/12 R.A. den Ouden, Caldas da Rainha - J.A. van Otterloo, Nijmegen, 06-06-1902.
98. J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking III*, hoofstuk 22, p. 46.
99. NZAV: Argief H.J. Emous 1/A 8 J. Beijer, Caldas da Rainha - H.J. Emous, Amsterdam, 17-12-1901.
100. VAB: A 155/68/2 Depósito os Boers, pp. 31-32.
101. *De Kerkbode* 19(16), 24-04-1902, p. 184.
102. Skriftelike mededeling: Mev. M. Jennings, Kerkstraat 17, Florida, 1709, 15-05-1989.

gekant.[103]

Dat daar met die Boere se manlikheid niks verkeerd was nie, blyk uit die feit dat P.F. Pienaar en W. Romberg van Tomar onderskeidelik na Caldas da Rainha en Alcobaça oorgeplaas is omdat hulle, volgens generaal Pienaar, "zich beide met meisjes vergrijpt" het.[104]

'n Rare affêre vir die Boerekêrels was die Portugese vryery - wat hulle glad nie aangestaan het nie! Dit het daarop neergekom dat verliefdes nooit privaat kon gesels nie; 'n gebruik wat direk in stryd met die goeie ou Boere-opsit was.[105]

## 8 *Bedrywe*

Die geïnterneerdes in Peniche het verskillende dinge gedoen en bedrywe beoefen om die oorvloed tyd te verwyl. Daar was kleremakers, meubelmakers, fotograwe en makers van visnette, viole, kitare en dasse. Ander weer het vir Portugese messelwerk gedoen of in hulle tuine gewerk, maar omdat die Portugese self arm was, kon hulle die Boere nie veel betaal nie.[106]

Sommige van die Boeregeïnterneerdes in Caldas da Rainha het vir hulle tydkorting in verskillende handwerkies gesoek. Enkeles het hulle op die maak, versool en heelmaak van skoene toegelê en dit 'n betalende besigheid gevind. Ander het allerlei artikels uit been, hout of sigaardosies vervaardig, byvoorbeeld portretrame, stoele en werkdosies. Gereedskap was maar skaars en die knipmes was die belangrikste werktuig.[107] Die Boerevroue en -dogters het by die Portugese vroue geleer om kantwerk, die sogenaamde Peniche-kant en ook Valenciences-kant, 'n soort kloskant, te maak.[108]

Die meeste ingeperkte Boerekrygsgevangenes op St Helena, Ceylon en elders het, danksy hulle vindingrykheid, spoedig vir hulle hande iets gevind om te doen. Aanvanklik was dit slegs 'n tydverdryf, maar spoedig het dit tot 'n soort tuisnywerheid met 'n handelsmotief ontwikkel. Uit hout, been, perdestert, muntstukke en ander voorwerpe het hulle allerhande kunstige soeweniers vervaardig wat mettertyd van die hand gesit is.[109] Dit is vreemd dat die Boeregeïnterneerdes byvoorbeeld veel minder aandenkings as die Boerekrygsgevangenes gemaak het, terwyl die geleentheid vir handwerkies in Portugal veel gunstiger as in die krygsgevangenekampe was. Moontlik was hulle omstandighede juis te aangenaam en het dit tot geestelike en fisiese onaktiwiteit bygedra.

Die Boerekrygsgevangenes in Indië, op Ceylon en elders het ook met 'n winkel, 'n koffie- en pannekoek-stalletjie, 'n skoenmakery, 'n kleremakery, 'n foto-ateljee en ander bedrywe begin, terwyl daar selfs diegene was wat 'n bietjie geld verdien het deur alkoholiese drank die kampe in te smokkel en dit dan op die swartmark aan kampgenote te verkoop.[110] Omdat elke geïnterneerde in Portugal 'n geringe daggeld van die Portugese owerheid ontvang

103. D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, p. 56.
104. VAB: A 155/68/1 F.J. Pienaar, Tomar - N.J. Grobler, Alcobaça, 01-02-1902.
105. H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 95-96.
106. *De Kerkbode* 19(16), 24-04-1902, p. 184.
107. H.P. van Straten, *Saam verban*, p. 131; IGN: Dagboek van O.R. Belling, 30-10-1901; Skriftelike mededeling: G. Roux, Privaatsak X530, Letsitele, 0885, 30-05-1989.
108. K. Roodt, "Boerekrygsgevangenekampe (in die Ooste en in Portugal)," *Die Huisgenoot* 25(960), 16-08-1940, p. 23; H.P. van Straten, *Saam verban*, pp. 87-88.
109. J.J. Oberholster, "Hul knipmesse het 'n boodskap gekerf," *Die Huisgenoot*, 24-02-1967. p. 24.
110. D.J. du Toit, "Vindingrykheid om geld te verdien," *Die Huisgenoot* 19-04-1946, pp. 31 en 35.

het, was hierdie drang om 'n bietjie ekstra geld te verdien waarskynlik baie flouer en het slegs enkeles een of ander werkie verrig om hulle daggelde aan te vul.



*Figuur 9:* *C. de Wet en J.M. de Wet met artikels wat hulle vir tydkorting in Caldas da Rainha vervaardig het.*[111]

*Repatriasie*

Kort na die vredesluiting op 31 Mei 1902 het die Portugese regering die geïnterneerdes aan die Britse regering oorhandig sodat repatriasiereëlings getref kon word. Vreemdelinge onder die geïnterneerdes is nie toegelaat om na Suid-Afrika terug te keer nie en is na hulle onderskeie konsulêre verteenwoordigers in Portugal verwys. Nadat die aflegging van die eed van getrouheid aan die Britse Kroon op 10 Julie 1902 afgehandel is, het die geïnterneerdes aan boord van die *Bavarian* na Suid-Afrika vertrek. Teen die einde van September 1902 was alle Boeregeïnterneerdes reeds met hulle naasbestaandes verenig.[112]

## Nagedagtenis en 'n nagedagte

Danksy die goeie behandeling wat die Boeregeïnterneerdes in Portugal ontvang het, het slegs sestien sterfgevalle (1,6%) voorgekom. In 1913 het die regering van die Unie van Suid-Afrika 'n sentrale monument in die Engelse begraafplaas in Lissabon vir hierdie getorwenes laat oprig. 'n Portugese klipkapper, H. Miguel Prazeres, het die opdrag gekry om die

111. Uit: H.P. van Straten, *Saam verban* (Stellenbosch, 1940), teenoor p. 128.
112. J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, III, hoofstuk 22, pp. 51-58.

monument op te rig. Die monument is uit Portugese rooimarmer vervaardig en die vorm daarvan is 'n gedenknaald of obelisk van ongeveer vyf meter hoog wat met 'n kruis bekroon is.[113] Hierdie monument in die Cemitério Inglês in Lissabon is vandag veel meer as 'n monument vir die dooies; dié gedenkteken roep gewis 'n betreklik onbekende en vergete brok kultuurgeskiedenis in herinnering.



*Figuur 10* *Die monument vir gestorwe Boeregeïnterneerdes in die Engelse kerkhof in Estrêla, Lissabon.*[114]

In verband met die behandeling wat die Boeregeïnterneerdes in Mosambiek en Portugal geniet het, moet daar toegegee word dat die Portugese owerhede hulleself in 'n moeilike posisie bevind het, want plotseling moes hulle volgens die bepalings van die Eerste Haagse Konvensie vir 'n groot groep mense sorg en dit terwyl hulle slegs oor uiters beperkte middele beskik het. Hoewel die Portugese Koning en regering uitgesproke pro-Brits was,

113. O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!*, pp. 180-186.
114. Foto: O.J.O. Ferreira (1985).

het die Portugese amptenary, en veral die militêre bevelvoerders wat direk vir die beheer van die geïnterneerdes verantwoordelik was, die Boere hoflik en goed behandel en het hulle pro-Boer gesindheid telkens deurgeskemer. Die wyse waarop die Boere by hulle aankoms in Portugal deur die Portugese volk met uitroepe van "Viva os Boers!" verwelkom is, het geen twyfel gelaat oor die pro-Boer gevoelens en simpatie wat daar onder die gewone Portugese jeens die Boere bestaan het nie.

Met die herdenking van die Anglo-Boereoorlog van 1999 tot 2002 mag ons die rol wat die Portugese, die destydse nabure van die Zuid-Afrikaansche Republiek, in dié oorlog gespeel het nie vergeet nie.